# DIE BYBEL EN DIE DOOP

Is die doop belangrik? Watter doop is reg; die verbondsdoop of die doop van die gelowige? In plaas daarvan dat mens oor die onderwerp stry, is dit verstandig om versigtig te kyk wat God se Woord, die Bybel, hieroor sê:

*"… een Here, een geloof, een doop."* (Ef. 4:5)

Wanneer hierdie saak ondersoek word moet gewaak word teen twee uiterstes. Die een is om te redeneer dat almal wie nie saam met jou doopteologie stem nie oppad hel toe is en die ander uiterste is dat die doop nie belangrik is nie. God kyk na die hart van die mens.

## DIE VERBONDSDOOP:

Hierdie doop het nie ŉ skriftuurlike basis nie. Daar is geen enkele skrif in die Bybel om dit te regverdig nie. Die oorsprong daarvan is uit die Roomse stelsel en die logika daaragter is dat God sekere mense uitverkies het om hemel toe te gaan en andere nie. Dit is oorgedra deur jare se tradisie na Gereformeerde familie van kerke.

Met die besprinkeling van die suigeling word die doopformulier gelees, die baba se voorhoof word met enkele druppels water benat en daar word aangehaal uit die Heidelbergse Kategismus nl.

*<u>Vraag 74</u>:*

*Moet die jong kinders ook gedoop word?*

*<u>Antwoord</u>:*

*Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en Sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes nie deur die bloed van Christus die verlossing van sondes en die Heilige Gees, wat die geloof werk, belowe.*

*Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word.*

*So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen, in die plek waarvan in die Nuwe Verbond die doop ingestel is.*

In hierdie gedeelte van die Heidelbergse Kategismus oor die doop, word etlike skrif aangehaal om die bogenoemde stellings te staaf, naamlik:

Gen. 17:7, Mat. 19:14, Luk.1:15, Ps. 22:11, Jes. 44:1-3, Hand. 2:39, Han.10:47, Kol. 2:11-13.

Die gereformeerde Teologie leer dat die mens moet glo aan God, as kind gedoop wees en dan is sodanige persoon uitverkies om hemel toe te gaan.

Die probleem met hierdie siening is dat nie een enkele van die skrifte wat aangehaal word, enige van hierdie stellings kan bevestig nie.

**Gen. 17:7** is ʼn verbond wat God met Abraham gemaak het en direk van toepassing is op Israel.

**Mat. 19:14** was Jesus se antwoord aan die dissipels wie probeer verhoed het dat Hy die klein kindertjies seën.

**Luk. 1:15** verwys na Johannes die Doper.

**Ps. 22:11** is deel van Dawid se gebed van toewyding aan God.

**Jes. 44:1-3** is God se belofte aan Israel.

**Hand. 2:39** het te make met die vervulling met die Heilige Gees vir diegene wie hulle bekeer en laat doop het.

**Hand. 10:47** het te make met mense wie tot geloof gekom het in Jesus Christus en Petrus beveel dat hulle gedoop moet word.

**Kol. 2:11-13** is die enigste skrif wat werklik iets met die doop te make het. Hier staan egter geskryf dat die doop ŉ tipe van begrafnis is.

Indien ons dus versigtig en sonder vooropgestelde idees na hierdie skrifte kyk, is daar niks wat sê dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het nie en daar is ook geen skrif wat sê dat die suigelinge gedoop moet word nie. Nêrens in die hele Bybel is daar naasteby ŉ skrif wat sê dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het nie.

Die Heidelbergse Kategismus is NIE die Woord van God nie. Die Bybel is die Woord van God. Hierdie antwoord vanuit die Heidelbergse Kategismus is in skrille kontras met die Woord van God, wat die Bybel ons leer.

Hierdie leerstelling doen ten eerste weg met bekering, wat God se plan vir ALLE mense is. (2 Pet. 3:9) Die Heidelbergse Kategismus leer dat as die kind besprinkel is, hy of sy op pad hemel toe is.

Die Gereformeerde Teologie se dwaling omtrent die doop is voorts ook bewys deur God se gesindheid soos geopenbaar vanuit Eseg. 18. Wat leer dit ons?

*"Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie. Die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees."* (Eseg. 18:20)

Dit beteken dat ŉ ouerpaar wie ŉ baba laat "doop" NIE kan verwag dat daardie kind gered of uitverkies is nie. Die Bybel leer ons baie duidelik dat elkeen sy eie pak sal dra. Jy kan nie verwag om kind van God te wees bloot omdat jou ouers jou laat besprinkel het nie. Om kind van God te word:

MOET JY JOU BEKEER EN JESUS CHRISTUS AS VERLOSSER EN KONING VAN JOU LEWE KROON! (Joh. 1:12) Daar is GEEN ander manier nie! (Joh. 14:6)

Klein kinders wie te jonk is om hulle te bekeer word geheilig MITS een of beide van hulle ouers aan Jesus Christus behoort. (1 Kor. 7:14) Wanneer daardie kind egter oud genoeg word om te verstaan, moet hy of sy self ŉ BESLUIT maak en tot bekering kom! Daarom ag God dit belangrik dat jy jou kinders in God se weë leer en grootmaak.

Indien mense niks van God wil weet nie, is hulle klein kinders onder ŉ vloek. Lees dit self in Ex. 20:5. Wanneer sulke kinders egter groot genoeg word om te verstaan en hulle Jesus volg, word hulle gered mits hulle tot bekering kom. Elkeen moet vir homself of haarself, SELF besluit en SELF kies.

Die ouer (en nie die Sondagskool nie) het ŉ verantwoordelikheid om die Evangelie aan sy of haar kinders te verduidelik.

Kom ons kyk in die Bybel na dit:

*“Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.*

*En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;*

*en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.”* (Deut. 6:5-7)

Dit is ook dwaling dat die besprinkeling ŉ kind in een of ander verbond plaas. Die woord “verbond” beteken ooreenkoms. God het net een ooreenkoms met alle mense in die Nuwe Testament en dit is BEKERING NA JESUS TOE! Dit behels ŉ besluit van die mens se kant af.

God gaan niemand in die ewige lewe indruk nie. Die mens wie WIL, sal saam met God vir ewig lewe. Bekering is ŉ wilsbesluit van jou kant af en jou ouers kan dit nie vir jou doen nie.

Voorts leer die Heidelbergse Kategismus dat die besprinkeling van die baba hom of haar “in die kerk inlyf”. Waar staan dit in die Bybel?

Die mens word deel van die kerk van Jesus Christus deur hom of haar te bekeer. (Hand. 2:38)

Laastens leer die Heidelbergse Kategismus dat die "doop in die plek van die besnydenis gekom het". (Waar staan dit in die Bybel?) Dit beteken mos dan dat die dogtertjies almal verlore is?

Enige iemand met die minste Bybelkennis kan sien dat die doop van suigelinge niks te make het met die Bybel nie. Dit is ŉ tradisie wat oor jare al so ŉ vashou op mense gekry het dat ons dit vas glo (en selfs daaroor sal veg!) en toepas in ons lewens.

## <u>**WAAR HET DIE DOOP BEGIN?**</u>

Johannes die Doper was die laaste Ou Testamentiese Profeet. Hy het skares gedoop in die Jordaan rivier met die doop van bekering, maar NIE in die Naam van Jesus nie omdat Jesus nog nie aan die kruis betaal het vir ons sondes nie. Kom ons lees saam.

*"In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa*

*gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.*

*Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gespreek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!*

*En hy, Johannes, het ŉ kleed gedra van kameelhare en ŉ leergord om sy heupe, en sy voedsel was sprinkane en wilde heuning.*

*En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe.*

*En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes."* (Mat. 3:1-6)

Vergelyk dit nou met Hand. 19:1-5

*"En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Éfese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind*

*en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.*

*En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes.*

*Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus.*

*En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus."* (Hand. 19:1-5)

Hier sien ons dat Paulus aan enkele dissipels verduidelik dat die doop van Johannes vervang is deur die doop in die Naam van Jesus Christus.

## DIE DOOP VAN DIE GELOWIGE:

Kom ons kyk wat die woord "doop" beteken:

Die Nuwe Testament is uit Grieks vertaal. Die Grieks vir doop is *Babtizo* (Strongs 907).

Dit beteken letterlik om iets te onderdompel. (Soos jy beskuit in koffie sal doop)

Hoe is Jesus gedoop? As gelowige.

*"En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim,* (Hy was dus as volwassene deur onderdompeling gedoop) *en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom."* (Mat. 3:16)

Wat was Jesus se laaste opdrag aan Sy dissipels?

*"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."* (Mat. 28:19)

Let op die volgorde 3 bevele:

Ons moet eerste dissipels maak, d.w.s. VOLGELINGE van Jesus Christus. Dit kan nie suigelinge wees nie. DAN moet hulle gedoop word.

Dit is dus mense wie hulle lewens vir Jesus gegee het, en laastens moet hulle geleer word, jy kan nie ’n suigeling leer uit God se Woord nie.

Dit is eenvoudig:

Die Bybel leer nie van “grootdoop”, “kinderdoop” of van “wederdopers” nie, net van die doop van die GELOWIGE. ’n Kind wat bekering verstaan kan dus gedoop word mits hy/sy hulle lewens vir Jesus gegee het.

Hoe was die eerste Christene gedoop? As gelowiges.

*“Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op die dag omtrent drieduisend siele toegebring.”* (Hand. 2:41)

*“Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.”* (Hand. 8:12)

*“En Filippus het sy mond geopen en van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig.*

*En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?*

*Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.*

*En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop.”* (Hand. 8:35-38)

Dit is dus baie duidelik dat die hofdienaar VERSTAAN het dat hy na bekering gedoop moet word. Moet asb. nie hierdie gedeelte in jou Nuwe Afrikaanse Vertaling soek nie want vers 37 is uitgelaat net soos baie ander verse.

In die oorspronklike *Textus Receptus* grondteks waaruit die King James en die Ou Afrikaanse Vertaling kom, is dit egter duidelik.

*“En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop.”* (Hand. 9:18)

*“En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here. Toe het hulle hom gevra om nog ’n paar dae te bly.”* (Hand. 10:48)

*“En in dieselfde uur van die nag het hy hulle geneem en hulle wonde gewas, en hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense.”* (Hand. 16:33)

## WAT IS DIE NUT VAN DIE DOOP?

Wat beteken die doop van die gelowige? Wat sê God se Woord, die Bybel?

Ons leer vanuit die Woord dat die doop van gelowiges een van twee sakramente (dinge wat ons moet doen) is wat Jesus aan die kerk gegee het. Die een is die nagmaal wat so dikwels moontlik geneem moet word en die ander is die doop wat eenmalig bedien word aan die gelowige.

Wat beteken die doop?

Dit is bloot ’n simboliese begrafnis. Net soos wat die nagmaal die liggaam en bloed van Jesus Christus simboliseer so simboliseer dit dat die persoon wat gedoop word, gesterwe het vir die wêreld en nou saam met Jesus lewe.

Die nagmaal is nie werklik die bloed en liggaam van Jesus soos wat die Roomse katolieke glo met hulle transsubstansiasieleer nie. Die brood simboliseer of verteenwoordig die gebroke liggaam van Jesus. Die druiwesap verteenwoordig of simboliseer die bloed wat Hy vir ons gestort het.

Die nuwe bekeerling sterf vir die wêreld, vir sonde en satan en staan op uit die dode en leef nou as nuwe mens net vir Jesus. Staan dit in die Woord van God! JA!! Kom ons lees dit saam uit die Bybel.

*“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?*

*Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ’n nuwe lewe kan wandel.”* (Rom. 6:3-4)

*“omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.”* (Kol. 2:12)

Nou sal iemand vra:

“ Beteken dit dat alle gelowiges wie nie deur onderdompeling gedoop is nie, verlore is?

Dit is dwaas om so iets te vra WANT alleenlik God is die regter en geen mens mag op ’n regterstoel gaan sit en andere oordeel nie. Jesus het self in Mat. 7:1 gesê dat ons nie regters mag wees nie.

MAAR……

As God iets beveel en jy doen dit nie, sal jy ten minste van Sy seën verloor. As jy vir Jesus waarlik liefhet, hoekom sal jy dan nie wil doen wat Hy vra nie? Hoekom dan eerder slim argumente uitdink as om gehoorsaam te wees?

## **HOE BELANGRIK IS DIE DOOP?**

Lees versigtig saam met my vanuit Hand. 2:37-38 en jy sal sien dat God aan diegene wie hulle laat doop, die Heilige Gees gee! Ons sien ook wat Petrus se antwoord was in die gedeelte nadat 3000 mense tot bekering gekom het. Hierdie 3000 het dus hulle lewens vir Jesus gegee.

*"Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?*

*En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."* (Hand. 2:37-38)

Nommer een:

Bekering! Dit beteken om te BREEK met alle sondes en

Nommer twee:

vir Jesus as Koning van jou lewe te kroon.

Is dit nie dalk die rede hoekom soveel van Jesus se volgelinge nie die volheid van die Gees het nie? Hulle wil hulle nie laat doop nie want hulle glo eerder die woord van ŉ mens as die Woord van God! Of hulle redeneer dat dit nie belangrik is nie of “wat sal die mense sê?”

Daar is geen geheim omtrent die doop nie. Jesus het dit ingestel vir elkeen wie Hom volg. Dit is ŉ stap van gehoorsaamheid om gedoop te word. Jy doen dit nie vir ŉ mens of vir een of ander kerk nie, maar OMDAT Jesus dit beveel het.

Indien jy waarlik vir Jesus lief is, liewe leser, en jy is nog nie gedoop nie, dan vra ek jou om die volgende woorde mooi te oordink:

*“As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien, sal die Vader hom eer.”* (Joh. 12:26)

Wil jy nie deur die Vader geëer word nie?

*“En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?”* (Luk. 6:46)

*“Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie.*

*Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God.”* (Joh. 12:42-43)

*“En toe die hele volk en die tollenaars dit hoor, het hulle God geregverdig deur hulle te laat doop met die doop van Johannes.*

*Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie.”* (Luk. 7:29-30)

*“Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.*

*Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het.”* (Joh. 14:23-24)

Liewe Leser, vergeet van kerkleerstellings. Wat leer die Bybel, God se Woord? Gaan jy gehoorsaam wees? Laat niks jou verhoed om aan God 100% gehoorsaam te wees nie. Let op God se Woord aan koning Saul vanuit 1 Sam. 15:22-23

*“Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.*

*Want wederstrewigheid is ’n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”* (1 Sam. 15:22-23)

Daar is talle mense wie getuig dat hulle skielik oorwinning oor probleme in hulle lewens gekry het nadat hulle, hul laat doop het. Verstaan net een ding, al is dit hoe klein waarin jy gehoorsaam is.

GEHOORSAAMHEID AAN GOD WORD ALTYD BELOON!!!!

*“Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.” (Mark. 16:16) (Ou Afrikaanse Vertaling)*

*“He that believeth and is baptized shall be saved; but he that believeth not shall be damned.” (Mark. 16:16) (King James Bible)*

Ervaar die verskil